

Aan die en besig in Afrikaanse progressiwiteits-konstruksies: die ontstaan en ontwikkeling (1)

Aan die and besig in Afrikaans progressive constructions: the origin and development (1)

ADRI BREED


Vakgroep: Afrikaans en Nederlands, Skool vir Tale,
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
adri.breed@nwu.ac.za

GERHARD VAN HUYSSTEEN

Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT),
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za



Adri Breed



Gerhard van Huyssteen

ADRI BREED is 'n senior dosent in Afrikaanse taalkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus. In 2007 voltooi sy haar Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (Skryfkuns) aan die NWU en in 2012 haar PhD in Afrikaanse taalkunde. Sy spandeer ongeveer tien maande van haar studietydperk in België, as lid van die Universiteit Antwerpen se Centrum voor Grammatica, Cognitie en Typologie (CGCT).

ADRI BREED is a senior lecturer in Afrikaans linguistics at the North-West University. She completed her Master's degree in Afrikaans Literature (Creative Writing) in 2007 and her PhD in Afrikaans linguistics in 2012, both at the NWU. She spent almost ten months of her study term in Belgium, as a member of the University of Antwerp's Center for Grammar, Cognition and Typology (CGCT).

GERHARD VAN HUYSSTEEN is professor in Afrikaanse taalkunde en taaltegnologie aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en is tans voorsitter van dié liggaam. Vanaf 2009 dien hy ook op die paneel van mensetaaltegnologiekundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is onder andere ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, asook van die CL Engelbrecht-prys vir taalkunde-navorsing vir sy aandeel in die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Hy het al verskeie grootskaalse, internasionale multimiljoenrandprojekte gelei, waaronder projekte vir Microsoft, MTN en die Suid-Afrikaanse regering. Van Huyssteen is veral bekend vir sy bydrae as taalkundige in die ontwikkeling van tekstegnologie-toepassings en verskeie elektroniese hulpbronne vir Afrikaans, asook vir sy taalvasvraprogram op Radio Sonder Grense.

GERHARD VAN HUYSSTEEN is a professor in Afrikaans linguistics and language technology at the North-West University. He has been serving in the Language Commission of the South African Academy for Science and Arts since 2005, and is currently chairperson of this language standardisation body. In 2009, he was appointed as member of the HLT Expert Panel of the South African Government's Department of Arts and Culture. Van Huyssteen is the holder of the prestigious Elizabeth Eybers bursary, as well as the CL Engelbrecht Prize for Scientific Language Research for his contribution to the publication of the tenth edition of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* ["Afrikaans Wordlist and Spelling Rules"]. He has initiated and led numerous large-scale, international multimillion rand projects, for clients such as Microsoft, MTN and the South African Government. Van Huyssteen is best known for his contribution as a linguist in the development of real-world text-based computer applications and core computer technologies for Afrikaans, as well as for his weekly language quiz on Radio Sonder Grense.

ABSTRACT

Aan die and besig in Afrikaans progressive constructions: the origin and development (I)

Progressive aspect is a grammatical category which signifies that an event is continuing or taking place (Comrie 1976:33-36; Bybee et al. 1994:126). In two articles, this article and Breed and Van Huyssteen (submitted), we investigate the manner in which two periphrastic constructions, namely the V_{COP} besig om te V and the V_{COP} aan die V constructions, are used to express progressive meaning in Afrikaans. The discussions are based on a corpus investigation in which the three Afrikaans periphrastic progressive constructions (the two already mentioned) and the V_{POS} en V constructions are compared to each other (Breed 2012; Breed & Brisard submitted). Dutch has three similar constructions, and for this reason the constructions were also compared to the Dutch ones where relevant. Breed and Brisard (submitted) explain how the V_{POS} en construction is used to express progressive meaning. In this article and in Breed and Van Huyssteen (submitted) the focus is therefore on the specific manner in which the besig and aan die constructions are used as progressive markers.

The main objective of this first article is to show the origin and development of the two constructions, while the focus of the second article is to demonstrate – on the basis of the results of the corpus investigation – the specific ways in which the constructions are used.

The grammaticalisation theory offers insight into the manner in which grammatical constructions develop. For this reason, the origin, development and use of the two relevant periphrastic constructions were investigated from this perspective. Grammaticalisation can be described as the process of language change during which lexical constructions develop systematically into constructions with grammatical meaning (Bybee et al. 1994; Hopper & Traugott 2003; Lehmann 1995). This process of language change is characterised by specific mechanisms or characteristics, for instance universal routes, unidirectional change, lexical origin, semantic generalisation, an increase in frequency and re-analysis.

This first article firstly explains the theory of grammaticalisation. The grammaticalisation of the Afrikaans auxiliary het is given as an example to illustrate specific relevant aspects of grammaticalisation. Secondly, it explains how the aan die and besig periphrastic constructions originate and develop. One of the most general lexical origins of progressives is constructions with locative meaning (Bybee et al. 1994:129). The motivation behind the development of a progressive from locative constructions is probably the connotation of “be in the place of VERBing” or “be at VERBing” (Bybee et al. 1994:129-130). The hypothesis offered by Bybee et al. (1994:131) is that, apart from a few exceptions, all progressive constructions develop from locative meaning.

The aan die progressive is a construction of locative origin. The structure of the periphrastic construction can be divided into three parts: firstly, the introductory copulative verb; secondly, the locative aan preposition; and thirdly, the nominalised verb which is preceded by the definite article die [aan + die] has received unit status and forms the analysed construction of the phrase. The aan die progressive therefore supports the hypothesis that progressive constructions develop from locative meanings.

The besig progressive’s lexical origin differs from that of the aan die progressive, as well as from the V_{POS} en progressive (consult Breed 2012; Breed & Brisard submitted), due to the fact that this progressive construction does not have a locative origin. The word besig has a lexical meaning which implies that a subject is involved in a process which is continuing, and the development of this progressive construction is, therefore, lexically motivated.

KEYWORDS: aspect, imperfective, progressive, periphrastic construction, grammaticalisation, Afrikaans, Dutch

TREFWOORDE: aspek, imperfektief, progressief, perifraetiese konstruksie, grammatikalisering, Afrikaans, Nederlands

OPSOMMING

In 'n tweetal artikels (hierdie artikel en Breed & Van Huyssteen (voorgelê)) stel ons ondersoek in na die wyse waarop twee perifrastiese konstruksies, te wete die V_{KOP} *besig om te V*- en die V_{KOP} *aan die V*-konstruksies, gebruik word om progressiewe betekenis in Afrikaans uit te druk. Die bespreking word gebaseer op 'n korpusondersoek waarin drie Afrikaanse perifrastiese progressiewe konstruksies (d.i. die twee genoemde konstruksies, sowel as die V_{POS} *en V*-konstruksie; sien Breed 2012 en Breed & Brisard voorgelê) met mekaar vergelyk is. Drie ewekniekonstruksies word in Nederlands gevind, en daarom word die konstruksies ook, waar ter sake, met die Nederlandse konstruksies vergelyk. Aangesien Breed & Brisard (voorgelê) fokus op die V_{POS} *en*-konstruksies, handel hierdie tweetal artikels oor die *besig*- en *aan die*-progressiewe. Terwyl die tweede artikel se fokus is om, aan die hand van die korpusondersoek se resultate, die spesifieke wyses aan te dui waarop die twee konstruksies gebruik word, is die hoofdoelwit van hierdie eerste artikel om die twee konstruksies se totstandkoming en ontwikkeling aan te toon. In hierdie artikel word die grammatikaliseringsproses aan die hand van die evolusie van die hoofwerkwoord *het* tot temporele hulpwerkwoord verduidelik, en daar word aangetoon dat die *aan die*-/aan *het*-konstruksies lokatiewe oorsprong het, terwyl die oorsprong van die *besig*-/bezig-konstruksies leksikaal gemotiveerd is.

1. INLEIDING¹

Progressiewe aspek is 'n grammatikale kategorie wat uitdruk dat 'n gebeurtenis voortgesit word of aan die gang is (Bybee et al.1994:126; Comrie 1976:33-36). 'n Situasië wat in die verlede afgespeel het, kan ook as progressief aangebied word, indien dit in die verlede beskou is as 'n situasië wat oor 'n tydperk aan die gang was. Voorbeeldsinne (1) en (2) dui aan hoe progressiewe betekenis in Engels morfologies uitgedruk word deur die suffiks *-ing*:

- (1) *I am doing the best I can.* (Progressiewe hedetyd)
 (2) *I was being angry for no reason.* (Progressiewe verledetyd)

In Afrikaans word drie perifrastiese konstruksies hoofsaaklik gebruik om progressiewe betekenis uit te druk, te wete die *is+aan+die/t+V*-konstruksie (vergeelyk voorbeeldsinne (3) en (4)), die *is+besig+om+te+V*-konstruksie (waarvan sin (5) 'n voorbeeld is) en die V_{POS} *+en+V*-konstruksie (byvoorbeeld sinne (6) tot (8)).² Perifrastiese konstruksies kan beskryf word as 'n grammatikale kategorie wat betekenis uitdruk deur losstaande woorde (teenoor byvoorbeeld morfologiese markerings soos die *-ing*-morfeem in Engels).

- (3) *Die storm was aan die afneem.*³
 (4) *Die mense is al aan't optrek eekamer toe.*
 (5) *Sy ma is besig om brood af te knie.*

¹ Met dank aan prof. Frank Brisard (Universiteit Antwerpen, België) vir sy waardevolle bydrae tot hierdie studie. Die National Research Foundation, Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek en Noordwes-Universiteit word ook bedank vir die finansiële ondersteuning wat hierdie ondersoek moontlik gemaak het. Dankie ook aan die drie anonieme keurders vir hul waardevolle bydrae tot die verbetering van die artikelinhoud.

² Die genoemde perifrastiese konstruksies sal voorts onderskeidelik na verwys word as *aan die*-, *besig*- en V_{POS} *en*-konstruksies. Wanneer daar na die *aan die*-konstruksie verwys word, sal die *aan* 't-variasiekonstruksie daarby ingereken of geïmpliseer wees.

³ Tensy anders aangedui, is alle Afrikaanse voorbeeldsinne geneem uit die Taalkommissiekorpus (2011). Die doel van hierdie 60 miljoen-woord-korpus is om 'n gestratifiseerde voorbeeld te wees van geskrewe Standaardafrikaans. Dit bestaan uit 'n verskeidenheid tipes tekste, byvoorbeeld prosa, akademiese tekste, koerante, tydskrifte en nie-fiksie boeke. Aangesien die korpusondersoek eers in die volgende artikel aan die bod kom, word die korpus volledig in Breed & Van Huyssteen (voorgelê) bespreek.

- (6) Maja **sit en** kyk hoe hy swem en beny hom.
 (7) Jy kan glad nie so in die donker kamer **lê en** muf nie!
 (8) Sy bly **staan en** glimlag vir hom.

In Nederlands word drie soortgelyke konstruksies⁴ gebruik om progressiewe betekenis uit te druk. Vergelyk voorbeelde (9) tot (13).⁵

- (9) Ik ben **aan het** eten, kom later maar weer terug.ⁱ
 (10) Wij moeten op dit punt meer doen, en ik ben bezig dat ook te verwezenlijken.ⁱⁱ
 (11) Ik **zit** gewoon mijn eigen kind uit **te** lachen.ⁱⁱⁱ
 (12) Hallo, ik **sta** al een hele tijd **te** wachten, hoor.^{iv}
 (13) Ik lig te dromen onder een boom.^v

Ten spyte van enkele vormlike verskille tussen die twee tale se konstruksies, kan die progressiewe perifrastiese konstruksies van Afrikaans en Nederlands as ewekniekonstruksies beskou word. Hierdie ooreenstemming is nie verrassend nie: Afrikaans en Nederlands kan immers as sustertale, oftewel nabyverwante tale, beskou word. Daar word trouens gereken dat tussen 90 en 95 persent van Afrikaans en Nederlands se woordeskat ooreenstem (Carstens 1989:144, Brandford & Claughton 1995:214; Raidt 1972:177). Op grond van die sterk verband tussen Afrikaans en Nederlands, sou daar gemaklik 'n hipotese gestel kon word dat hierdie ooreenstemmende konstruksies in die twee verskillende tale op naastebly ooreenstemmende wyse gebruik word om progressiwiteit uit te druk.

Vanuit 'n literatuuroorsig oor die Nederlandse progressiewe konstruksies⁶ is dit duidelik dat die *aan het*-progressief semanties gesien 'n redelik veralgemeende progressief is, terwyl die *bezig*-progressief besonder skaars en periferaal is. Die *V_{POS} te*-progressief is, hoewel frekwent, 'n gespesialiseerde konstruksie wat byvoorbeeld duidelik met sekere soort werkwoorde kollokeer, naamlik werkwoorde wat sosiale interaksie (byvoorbeeld *praat* en *gesels*), kreatiewe aktiwiteit (byvoorbeeld *skryf* en *brei*), persepsie (byvoorbeeld *kyk* en *luister*), kognitiewe aktiwiteit (byvoorbeeld *dink* en *lees*), menslike noodsaaklikheid (byvoorbeeld *eet* en *slaap*) of afwagting (*wag* en *uitkyk*) uitdruk.

Aangesien daar tot op hede nog min navorsing gepubliseer is oor die Afrikaanse progressiewe konstruksies, sou die vraag gevra kon word of die Afrikaanse progressiewe perifrastiese konstruksies op dieselfde wyse gebruik word as dié van Nederlands. Is die bevindinge oor die Nederlandse konstruksies ook geldig vir die ooreenstemmende Afrikaanse konstruksies? In Breed en Brisard (voorgelê) is aangedui dat daar inderwaarheid 'n baie sterk ooreenstemming bestaan tussen die Nederlandse en Afrikaanse *V_{POS} te*-progressiewe konstruksies. In beide tale is hierdie progressief byvoorbeeld 'n gespesialiseerde konstruksie wat prototipies saam met werkwoorde kombineer wat sosiale interaksie, kreatiewe en kognitiewe aktiwiteite, persepsie of menslike noodsaaklikheid uitdruk.

Die doel van hierdie artikel, sowel as die artikel, “*Aan die* en *besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek” (Breed & Van Huyssteen voorgelê), is om verder

⁴ Daar word voorts onderskeidelik na hierdie konstruksies verwys as *aan het*-, *bezig*- en *V_{POS} te*-konstruksies.

⁵ Nederlandse en Engelse voorbeeldsinne is meestal bekom vanaf internetbronne of is oorgeneem uit ander bronne. Die bronverwysings van die voorbeeldsinne word in die eindnotas van die artikel aangedui.

⁶ Booij (2003), (2004), (2008); Geleyn (2010); Geleyn & Coleman (2014); Lemmens (2003), (2005); Mortier (2008); Van Pottelberghe (2002).

ondersoek in te stel na die moontlike ooreenstemming tussen Afrikaanse en Nederlandse ewekniekonstruksies. Daarom word daar in hierdie eerste artikel ondersoek ingestel na die herkoms en gebruik van die *aan die*- en *besig*-perifrastiese konstruksies. Resultate van die ondersoek na die twee Nederlandse ewekniekonstruksies word, waar moontlik, as basis gebruik, sodat die mate van ooreenstemming tussen die twee tale se konstruksies bepaal kan word. Die ondersoek word vanuit 'n grammatikaliseringperspektief aangepak, aangesien dit, soos aangetoon sal word, toelating bied op die wyse waarop die konstruksies ontwikkel het, asook op die spesifieke wyses waarop dit gebruik word om progressiewe betekenis uit te druk.

In hierdie artikel word gefokus op die **totstandkoming** van die *aan die*- en *besig*-konstruksies. Daar sal aangetoon word dat die twee konstruksies deur 'n proses van grammatikalisering vanuit vrye leksikale morfeme ontwikkel het tot perifrastiese progressiewe konstruksies. Alvorens die ontwikkeling van *aan die* en *besig* aangetoon word, sal 'n kort beskrywing van grammatikalisering aangebied word, en die proses van grammatikalisering sal met 'n voorbeeld (naamlik die ontwikkeling van *het* tot tempuskonstruksie) geïllustreer word. Laastens sal die grammatikalisering van die twee genoemde perifrasties progressiewe konstruksies omvattend bespreek word.

In die volgende artikel, "*Aan die* en *besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek", (Breed & Van Huyssteen voorgelê) word 'n korpusondersoek geloods om te bepaal op watter verskillende wyses die twee konstruksies **gebruik** word om progressiewe betekenis uit te druk. Die twee konstruksies word op grond van drie parameters ondersoek, te wete i) die frekwensie; ii) die verhouding tussen aspektuele teenoor leksikale gebruik; en iii) die werkwoordkollokasies. Sodoende kan daar aangedui word op watter spesifieke of unieke wyses elkeen van die konstruksies gebruik word om progressiwiteit in Afrikaans uit te druk en in watter mate dit verskil of ooreenstem met die twee Nederlandse ewekniekonstruksies.

2. GRAMMATIKALISERING

Die grammatikaliseringsteorie bied insig in die wyse waarop grammatikale konstruksies ontwikkel. Om hierdie rede is dit ook sinvol om die totstandkoming en ontwikkeling van perifrastiese konstruksies vanuit hierdie perspektief te bekyk.

Grammatikalisering kan beskryf word as die proses van taalverandering waar leksikale konstruksies stelselmatig ontwikkel om grammatikale betekenis uit te druk. Hierdie taalveranderingsproses word gekenmerk deur spesifieke meganismes, eienskappe of prosesse.⁷ Vir doeleindes van hierdie ondersoek kan ses van hierdie meganismes uitgelig word, te wete universele roetes, eenrigtingsroetes, leksikale oorsprong, semantiese verbleking, frekwensie en reanalise. Hierdie ses meganismes sal kortliks bespreek word en daarna aan die hand van 'n voorbeeld uit Afrikaans geïllustreer word.

2.1 Ses meganismes van grammatikalisering

Die eerste veronderstelling van grammatikalisering is dat hierdie tipe taalverandering altyd op 'n *universele roete* evolueer. 'n Universele roete kan gesien word as die ontwikkelingspad wat 'n evoluerende konstruksie volg. Vanuit 'n tipologiese perspektief lyk dit asof dieselfde roetes in verskillende tale gevind word (Hopper & Traugott 2003:6). Bybee et al. (1994:15) gee 'n motivering vir hierdie tipologiese ooreenstemming van universele roetes – daar bestaan gedeelde kognitiewe en kommunikatiewe patrone in taal:

⁷ Vergelyk Bybee et al. (1994:4-5); Croft (1990:257); Heine & Reh (1984:11-12); Hopper & Traugott (2003:1); Lehmann (1995:3).

The degree of cross-linguistic similarity that recent studies have uncovered suggests that forces in language are pushing toward the selection of particular source material and movement along particular paths propelled by certain common mechanisms of change... We attribute the fact that certain grammaticalization paths are common in diverse genetic and areal groups to the existence of common cognitive and communicative patterns underlying the use of language. (Bybee et al. 1994:15)

Aansluitend hierby is die tweede veronderstelling van grammatikalisering, die beginsel van 'n *eenrigtingsroete*. Die taalverandering wat volgens 'n grammatikaliseringsroete evolueer, behoort in 'n bepaalde rigting plaas te vind – van minder grammatikaal (of leksikaal) na meer grammatikaal (Campbell & Janda 2001:101). Aangesien grammatikaliseringprosesse altyd bepaalde grammatikaliseringsroetes volg, behoort die bepaalde stappe of fases altyd in die spesifieke volgorde voor te kom. Hierdie fases stem ook tipologies ooreen.

Die beginsel van eenrigtingontwikkeling behels dat 'n spesifieke fase altyd op 'n ander spesifieke fase sal volg en dat daar 'n vaste patroon bestaan oor watter fase op ander fases volg (Bybee et al. 1994:13). Hierdie roetes met fases wat in 'n vaste volgorde voorkom, kan ook 'n klier genoem word.

The term “cline” is a metaphor for the empirical observation that cross-linguistically forms tend to undergo the same kinds of changes or have similar sets of relationships, in similar orders. (Hopper & Traugott 2003:6-7)

In die derde plek word aangeneem dat die *leksikale oorsprong* (d.i. die letterlike, oorspronklike betekenis) van die woord 'n invloed het op die grammatikaliseringsroete wat gevolg word. Die leksikale betekenis van 'n konstruksie bepaal dus op 'n spesifieke wyse die roete wat hierdie grammatikaliseringproses gaan volg, asook die grammatikale funksie wat die konstruksie gaan verrig (Campbell & Janda 2001:101). Deur die verskeie grammatikaliseringsroetes wat in verskillende tale gevind word met mekaar te vergelyk, kan geldige afleidings gemaak word oor watter tipe konstruksies geneig is om tot ander tipes konstruksies te ontwikkel. So is daar byvoorbeeld gevind dat werkwoorde van beweging, behoefte of verpligting tipologies vergelykend geneig is om te ontwikkel tot toekomsmerkers (Bybee et al. 1994:13). In Afrikaans het die bewegingswerkwoord *gaan* (byvoorbeeld in sin (14)) ontwikkel tot 'n toekomsmerker (byvoorbeeld in sin (15)):

(14) Hy **gaan** huis toe, en maak verskoning omdat hy effe laat is.

(15) Hy **gaan** in Augustus in Suid-Korea aan die Wêreld-brandweerspele deelneem.

Wanneer 'n leksikale konstruksie stelselmatig volgens 'n universele en eenrigtingsroete evolueer tot 'n grammatikale konstruksie, vind *semantiese verbleking* plaas. Hierdie is 'n vierde veronderstelling van grammatikalisering en impliseer dat daar betekenisverskuiwing plaasvind. Waar 'n inhoudswoord, vanweë sy spesifieke leksikale betekenis, beperkte gebruike het (d.i. slegs binne die toepaslike leksikale moontlikhede), het 'n woord wat 'n grammatikale funksie verrig (en dus nie hierdie selfde leksikale betekenis het nie) groter gebruiksmoontlikhede. Daar vind dus 'n semantiese veralgemeen (semantic generalization) plaas waarbinne 'n item gebruik kan word (Bybee et al. 1994:6; Bybee & Pagliuca 1985:60). 'n Konstruksie kan tot so 'n mate veralgemeen dat die oorspronklike leksikale betekenis van die konstruksie heeltemal afwesig is en dat die konstruksie dan leksikaal deursigtig is (*lexical transparency* of *opacity*, soos aangetoon is deur Rhee 2008:10). Hoe meer gegrammatikaliseer 'n konstruksie se betekenis is, hoe minder ooreenstemming bestaan daar tussen die grammatikale gebruik van die ontwikkelende konstruksie en die oorspronklike leksikale betekenis. Vergelyk die verduidelikings van Lehmann (1995:127):

For the sake of simplicity, I will assume that the semantic representation of a sign consists of a set of propositions taken from some semantic metalanguage commonly called semantic components or features, and that those propositions which are conjoined (rather than disjoined) contribute to semantic complexity or semanticity of the sign (details in Lehmann 1978). Desemanticization, or semantic depletion (Weinreich 1963:180f) or bleaching, is then the decrease in semanticity by the loss of such propositions. (Lehmann 1995:127)

Hierdie semantiese veralgemening of verbleking bring die vyfde veronderstelling van grammatikalisering teweeg, naamlik dat die *gebruiksfrekwensie* van die konstruksie begin toeneem. Aangesien die grammatikalisierende konstruksie afstand doen van sy leksikale betekenis, kan die konstruksie in meer kontekste gebruik word as vantevore en derhalwe toeneem in frekwensie. 'n Hoë frekwensie van 'n grammatikale konstruksie kan derhalwe dikwels 'n aanduiding wees van 'n hoër mate van grammatikalisering. Dit is egter nie te sê dat 'n konstruksie met 'n hoë frekwensie noodwendig 'n grammatikale konstruksie is nie, aangesien sommige leksikale konstruksies ook 'n hoë frekwensie kan hê.

Reanalyse, die sesde en laaste grammatikaliseringsmeganisme wat gedefinieer kan word, is nie 'n voorvereiste van grammatikalisering nie, maar dikwels 'n proses wat grammatikalisering aan die gang sit. Langacker (1977:59) definieer reanalyse as “change in the structure of an expression or class of expressions that do not involve any immediate or intrinsic modification of its surface manifestation”.

Vergelyk byvoorbeeld truvorming (*back-formation*) as 'n voorbeeld van morfologiese reanalyse. Die woord *pakkasie* “klomp goedere” kom uit die Nederlandse *pakkage* < *packaige* “daad van inpak”, wat weer uit die Franse *pacquage* met dieselfde betekenis kom (Van Veen & Van der Sijs 1997). 'n Korrekte morfologiese analise van *pakkasie* sou wees *pak(k)-asie*, waar *-asie* algemeen as nominaliseerder in Afrikaans voorkom – vergelyk byvoorbeeld *plant-asie*, of *rot-asie* (<*rot-eer*). Wanneer *pakkasie* egter gereanalyseer word as 'n diminutiefvorm op grond van 'n verbeelde diminutiefmorfeem *-ie* in die woord, lei dit tot die morfologiese analise *pakkaas-ie*, waar *pakkaas* (as truvorm) geïnterpreteer word as “enorme klomp goedere”. Dieselfde reanalyse vind plaas by *bosgaas* “enorme wilde haardos” (<*bosgasie*) of *stellaas* “groot, omvattende steierwerk” (<*stellasie*), waar die *-ie* “verkeerdelik” as diminutiefmorfeem geanaliseer word.

Sintaktiese reanalyse is veral relevant vir die ondersoek na die grammatikalisering van perifrastiese progressiewe konstruksies in Afrikaans. Lord (1976:179), soos aangehaal deur Heine en Reh (1984:97) verduidelik sintaktiese reanalyse as “a process by which a verb loses semantic, morphological and syntactic properties, and survives as a grammatical morpheme marking the relationship between clauses”. Hopper en Traugott (2003:50) gee die Engelse *try and V*-konstruksie as 'n voorbeeld van sintaktiese reanalyse. Daar is 'n verskil in die wyse waarop *try* in voorbeeldsin (16) en voorbeeldsinne (17) en (18) gebruik word:

- (16) *I'll try and contact her.*^{vi}
- (17) *They have tried and failed to contact her.*
- (18) *I'll try to contact her.*

In (17) en (18) word *try* in sy oorspronklike, leksikale betekenis as hoofwerkwoord gebruik. Die konstruksie kan geanaliseer word as $[[V] + \text{and} + [V]]$. Onder sekere omstandighede het $[try \text{ and}]$ in die konstruksie *try and V* (byvoorbeeld (16)) eenheidstatus bekom en as hulpwerkwoord begin optree. Die konstruksie is derhalwe gereanalyseer tot $[\text{hulpwerkwoord } (try \text{ and}) + \text{werkwoord } (contact)]$ en word ontleed as $[[V_{AUX}] + [V]]$.

2.2 'n Grammatikaliseringsvoorbeeld in Afrikaans: die werkwoord *hê*

'n Goeie voorbeeld vanuit Afrikaans om die grammatikalisering van 'n konstruksie te illustreer, is die evolusie van *het* as hoofwerkwoord tot hulpwerkwoord van tyd. Hoewel nie al ses bespreekte meganismes by die bespreking betrek word nie, is dit 'n nuttige voorbeeld om die basiese beginsel van grammatikalisering te illustreer.

Die leksikale betekenis (dus die leksikale oorsprong) van *hê*⁸ dui op ruimtelike besitting (d.i. “om iets te besit”). Om die volledige grammatikalisering van *het* tot tempusmerker te verduidelik, is dit egter noodsaaklik om die ontwikkeling van die Afrikaanse werkwoord te vergelyk met die ontwikkeling van dieselfde werkwoord in ander Germaanse tale soos Engels (*have*) en Nederlands (*hebben*).

In al drie tale word 'n gegrammatikalisearde *het/have/hebben*-konstruksie gebruik om temporele betekenis uit te druk. Hierdie konstruksie het dieselfde oorsprong en het volgens die tipologiese grammatikaliseringsroete [leksikaal → aspek] geëvolueer tot aspektuele merker. Vergelyk sinne (19) en (20):

- | | |
|-----------|-------------------------------------|
| (19) Eng: | a. <i>I have a beach house.</i> |
| Ndl: | b. <i>Ik heb een strandhuis.</i> |
| Afr: | c. <i>Ek het 'n strandhuis.</i> |
| (20) Eng: | a. <i>I have eaten an apple.</i> |
| Ndl: | b. <i>Ik heb een appel gegeten.</i> |
| Afr: | c. <i>Ek het 'n appel geëet.</i> |

In sinne (19) druk die leksikale werkwoorde *have/hebben/het* **ruimtelike** betekenis van besitlikheid uit – die spreker “besit 'n strandhuis”. Die leksikale betekenis van *have/hebben/het* in voorbeeldsinne (20) het verbleek om grammatikale, oftewel aspektuele betekenis uit te druk. Die wyse waarop *have/hebben/het* in hierdie sinne gebruik word, skep die interpretasie dat die handeling van die appel wat in die verlede geëet is en die resultaat van hierdie handeling, steeds relevant is vir die hede. Hierdie sinne se betekenis wat deur die gegrammatikalisearde *have/hebben/het* uitgedruk word, is dus anterior betekenis.

Die konstruksie is in al drie tale egter nie ewe ver gegrammatikalisear nie. *Het* in Afrikaans is die eerste gegrammatikalisear op die roete [leksikaal → aspek → tempus] en die Nederlandse *hebben* is verder gegrammatikalisear as die Engelse *have*. Vergelyk die volgende sinne:

- | | |
|-----------|--|
| (21) Eng: | a. <i>*Yesterday I have eaten an apple.</i> |
| | b. <i>Yesterday I ate an apple.</i> |
| Ndl: | c. <i>Ik heb gisteren een appel gegeten.</i> |
| Afr: | d. <i>Ek het gister 'n appel geëet.</i> |

Die aanwesigheid van die bywoord *gister/gisteren/yesterday* is 'n aanduiding daarvan dat hierdie sinne na 'n bepaalde tyd in die verlede (dus *definite past*) verwys. In beide Afrikaans en Nederlands is dit moontlik om die bepaalde verledetyd deur *het/hebben* uit te druk, terwyl dit in Engels nie moontlik is om *have* te gebruik om bepaalde verledetydsinne uit te druk nie. Die eenvoudige verledetyd (*simple past*) word gebruik om in Engels die bepaalde verledetyd uit te druk.

Hoewel die moontlike gebruik van die Afrikaanse en Nederlandse *het/hebben* in bepaalde verledetydskonstruksies ooreenstem (soos byvoorbeeld in die wyse waarop dit in bepaalde verlede-

⁸ *Hê* is die infinitiewe werkwoordvorm en impliseer in hierdie artikel alle ander vorme van hierdie werkwoord, byvoorbeeld *het* en *gehad*.

tyd gebruik word), is die Afrikaanse *het* in selfs nog meer kontekste as die Nederlandse *hebben* bruikbaar. Vergelyk die voorbeelde in (22):

- (22) Eng: a. **Thick smoke has filled the corridor*^{vii}. ($\neq$ imperf.verledetyd)
 b. *Thick smoke filled the corridor.*
 c. *Thick smoke was filling the corridor.*
 Ndl: d. **Dikke rook heeft de gang gevuld.* ($\neq$ imperf.verledetyd)
 e. *Dikke rook vulde de gang.*
 f. *Dikke rook was de gang aan het vullen*
 Afr: g. *Digte rook het die vertrek gevul.*

In die bogenoemde kontekste kan die situasie telkens as imperfektief geïnterpreteer word, maar dit is onmoontlik om die imperfektiewe betekenis van hierdie kontekste met die Engelse en Nederlandse *have-/hebben*-konstruksie oor te dra (vergelyk ook Michaelis 2004:53-54). In Engels en Nederlands is dit verpligtend om die eenvoudige- (byvoorbeeld (22) b en (22) e) of progressiewe- (byvoorbeeld (22)c en (22)f) verledetydsvorme te gebruik om hierdie imperfektiewe betekenis oor te dra, terwyl dit in Afrikaans heeltemal grammatikaal is om *het* te gebruik om ook hierdie imperfektiewe betekenis uit te druk.

Die feit dat die Afrikaanse *het*-werkwoord in meer grammatikale kontekste as die Nederlandse en Engelse ewekniwerkwoorde gebruik kan word, is 'n aanduiding daarvan dat die Afrikaanse *het* verder gegrammatikaliseer is as die Nederlandse *hebben* en die Engelse *have*. Die Nederlandse *hebben* is op sy beurt weer verder gegrammatikaliseer as die Engelse *have*. Hierdie veralgemening van die Afrikaanse *het*-werkwoord verduidelik waarom die Afrikaanse *het* ge-verledetydskonstruksie aspektueel meerduidelig is, aangesien die *het* in betekenis só veralgemeen het dat dit afstand doen van grammatikaal-aspektuele betekenis (d.i. perfektiewe of imperfektiewe betekenis) en gewoon tempusbetekenis uitdruk.

'n Verdere gevolg van Afrikaanse *het*-konstruksie se veralgemening van 'n aspek- tot 'n tempusmerker, is dat dit gebruik kan word in kontekste waar die gebruik van *have* of *hebben* in Engels en Nederlands onmoontlik is. 'n Voorbeeld hiervan is die sogenaamde “oop voorwaardelike konstruksie” (*open conditional construction*) (Mittwoch et al. 2002:748). Vergelyk die volgende voorbeeldsinne:

- (23) Eng: a. *If he bought it at that price, he got a bargain.*^{viii}
 Ned: b. *Als hij het voor die prijs kocht, kreeg hij een koopje.*^{ix}
 Afr: c. *As hy dit teen daardie prys gekoop het, het hy 'n winskopie gemaak.*
 (24) Eng: a. *If he had bought it at that price, he would have got a bargain.*
 Ned: b. *Als hij het voor die prijs had gekocht, zou hij een koopje hebben gekregen.*
 Afr: c. *As hy dit maar teen daardie prys gekoop het, het hy 'n winskopie gemaak.*

In Engels en Nederlands word die eenvoudige verledetyd gebruik om 'n oop voorwaarde aan te dui (vergelyk (23)a en (23)b), wat beteken dat daar nie duidelikheid is of die subjek wel die item aangekoop het teen 'n winskopie, al dan nie. Dit is dus eerder 'n hipotetiese stelling. Indien *have/hebben* egter in die voorwaardekonstruksie gebruik word, verander die betekenis na irraal, oftewel teenfeitlik: die subjek het sy kans verspeel om die item teen 'n winskopie te koop. Mittwoch et al. (2002:784) noem hierdie ongerealiseerde voorwaardelike konstruksie 'n “afstandsvoorwaarde” (*remote conditional*) (vergelyk (24)a en (24)b). In Afrikaans word *het* in beide tipes voorwaardekonstruksie gebruik – dus in die geval van 'n hipotetiese stelling, sowel as in 'n teenfeitlike

stelling. Om 'n niemeerduidige teenfeitlike betekenis te impliseer, moet verdere konstruksies, byvoorbeeld die bywoord *maar* tot die voorwaardelike sin gevoeg word (vergelyk voorbeeldsinne (23)c en (24)c).

3. GRAMMATIKALISERING VAN DIE *AAN DIE*- EN DIE *BESIG-PROGRESSIEWE* KONSTRUKSIES

In die hipotese is gestel dat daar, net soos die Nederlandse en Afrikaanse V_{POS} -progressiewe konstruksies, ooreenstemming bestaan in die wyse waarop hierdie nabyverwante tale se ander twee ewekniekonstruksies, d.i. die *aan het/aan die*- en die *bezig/besig*-perifrases, progressiewe betekenis uitdruk.

In die volgende gedeelte word aangetoon hoe hierdie ewekniekonstruksies tot stand gekom het. Ook die vormlike ooreenkomste en verskille tussen die Afrikaanse en Nederlandse konstruksies sal hier aandag geniet.

3.1 Die leksikale oorsprong van progressiewe konstruksies

Soos genoem, grammatikaliseer konstruksies volgens vasgestelde roetes. Hierdie grammatikaliseringroete is in een rigting en ontwikkel vanuit 'n bepaalde leksikale oorsprong. Dit blyk dat een van die mees algemene leksikale oorspronge vir progressiewe konstruksies, konstruksies met *lokatiëwe* betekenis is (Bybee et al. 1994:129). Die motivering vir die ontwikkeling van 'n progressief uit lokatiëwe konstruksies is waarskynlik as gevolg van die konnotasie van “is op die plek waar V plaasvind” (“*be in the place of VERBing*”) of “wees by V” (“*be at VERBing*”) (Bybee et al. 1994:129-130). Die hipotese wat Bybee et al. (1994:131) stel, is dat, behalwe vir enkele bepaalde uitsonderings, alle progressiewe konstruksies uit lokatiëwe betekenis ontwikkel het:

Thus one strong hypothesis for sources of progressives would be that a progressive involving a stative auxiliary always derives from a construction which originally included an element with locative meaning. Or, stated another way, aside from movement sources, reduplications, and constructions with verbs meaning “to keep on”, all progressives derive from locative constructions. (Bybee et al. 1994:131)

Bybee et al. (1994:131) toon aan dat Heine (1990) egter 'n verdere leksikale oorsprong aantoon. Volgens hom kan progressiewe konstruksies ook afgelei word van gelykstellende sinne in die vorm van “*X is a Y*” soos byvoorbeeld *He is (an) eating (one)*. Verder is daar ook bewegingswerkwoorde geïdentifiseer wat as leksikale oorsprong dien vir progressiewe konstruksies. Die Spaanse werkwoord *seguir* (“om te volg”) word byvoorbeeld gebruik om kontinuatiëwe aspek aan te dui, en in Nederlands en Afrikaans kan die perifrastiese konstruksie *loop te V_{INF}/loop en V_{INF}* gebruik word om progressiewe betekenis uit te druk. Die ooreenkoms tussen lokatiëwe en bewegingswoorde is dat albei 'n mate van lokatiëwe betekenis uitdruk. Albei tipes konstruksies sê iets oor die ruimtelike plasing van die subjek en die aktiwiteit – hetsy dat die subjek êrens geplaas is en iets doen, óf dat die subjek (rond)beweeg (in 'n ruimte) terwyl hy iets doen (Bybee et al. 1994:133).

Garcia (1990) wys daarop dat perifrastiese konstruksies ontwikkel om betekenis uit te druk wat nie reeds grammatikaal deur die huidige taalkonstruksies uitgedruk word nie. Alle tale het maniere om hedetyd en voortdurende aktiwiteite uit te druk, maar tale sonder eksplisiete progressiewe grammatikale items wat progressiwiteit uitdruk, gebruik gewoonlik dieselfde middele vir habituele situasies, voortgesette toestande en alle ander hedetydsituasies (Bybee et al. 1994:133).

Bybee et al. (1994:133) bespreek die antwoord op die vraag in (25) as voorbeeld:

(25) *Q: Where is Lou?*

A: He is sleeping.

Die meer geskikte antwoord op die vraag sou waarskynlik eerder kon wees “*in his bedroom*”, maar die progressiewe konstruksie “*he is sleeping*” bied meer informasie aan. Enersyds bied dit lokatiewe inligting aan, aangesien daar binne hierdie konteks aangeneem kan word dat Lou in die slaapkamer is. Andersyds bied hierdie antwoord ook inligting rakende ’n aktiwiteit waarmee Lou homself besig hou. ’n Progressiewe konstruksie verskaf dus ’n gepaste antwoord op ’n lokatiewe navraag.

Indien daar na die betekeniselemente van progressiewe perifrastiese konstruksies gekyk word, blyk dit dat die oorspronklike funksie van die progressief was om plasing van die agente te midde van ’n aktiwiteit aan te toon. Nielokatiewe progressiewe konstruksies is daarom baie skaars – “...*if they exist at all*” (Bybee et al. 1994:135). Die semantiese verandering wat plaasvind in die ontwikkeling van die progressief na ’n volgende konstruksie, is die geleidelike verandering weg vanaf die oorspronklike, voller betekenis van hierdie konstruksie. Die oorspronklike betekenis van die progressiewe konstruksie is dat:

- A. ’n Agent
- B. ruimtelik geplaas is
- C. te midde van
- D. ’n aktiwiteit
- E. op die oomblik waarna verwys word. (Bybee et al. 1994:136)

Op grond van hierdie algemene verskynsel word daar gereeld na progressiewe konstruksies verwys as voorbeelde van temporele kategorieë wat gebaseer is op lokatiewe kategorieë (Anderson 1973; Traugott 1978, soos aangehaal deur Bybee et al. 1994:137). Die vraag kan derhalwe gevra word of die leksikale oorsprong van die twee genoemde Afrikaanse perifrastiese progressiewe konstruksies, te wete die *aan die*- en die *besig*-progressiewe, met hierdie gestelde hipotese ooreenstem. In hierdie volgende gedeelte word die grammatikalisering van die twee konstruksies van naderby bekyk.


3.2 Die grammatikalisering van die *aan die*-progressief

Om die leksikale oorsprong en ontwikkeling van die *aan die*-progressiewe konstruksies aan te toon, is dit noodsaaklik om die sintaktiese struktuur van die konstruksie van naderby te bekyk. Vergelyk voorbeelde (26) en (27):

(26) *Ik ben **aan het** lezen.*

(27) *Ek is **aan die** lees.*

In hierdie Nederlandse en Afrikaanse progressiewe konstruksies word die werkwoord *zijn/is* gebruik, gevolg deur die abstrakte ruimtelike voorsetsel *aan*, wat ’n voorsetselstuk as komplement met ’n genominaliseerde infinitiewe werkwoord neem (Lemmens 2005:184). Die konstruksie kan ontleed word as ’n struktuur met drie dele: 1) die inleidende werkwoord; 2) ’n perifrastiese element en 3) ’n nominale komplement (Mortier 2008:9); vergelyk Figuur 1:



Figuur 1: Analise van die *aan het/aan die*-perifrase

So volg die struktuur van die Nederlandse *aan het*-progressief – d.i. 'n voorsetselstuk en 'n verbale infinitief as hoofwerkwoord – die reëls van die Nederlandse sintaksis. Infinitiewe kan in hierdie konteks funksioneer as nomina en is onsydig; om hierdie rede word die lidwoord *het* gebruik (Lemmens 2005:184). Die voorsetsel *aan* kan ook gebruik word om aan te toon waar die subjek van die sin homself bevind. Die lokatiewe oorsprong van die *aan het/aan die*-progressief is dus duidelik, aangesien die *aan*-voorsetsel in sy leksikale gebruik aandui dat 'n objek hom in die nabye omgewing van iets bevind (byvoorbeeld (28)), of selfs “aanraak” (byvoorbeeld (29)) (Den Boon & Geeraerts 2005).

(28) *Ik ben **aan het** station met een groot transport kongresafgevaardigden en een belangrijke post en kan niet verder.*^x

(29) *Op welke punten zitten de panlatten gespijkerd **aan het** dak?*^{xi}

Die verskil tussen die Afrikaanse en Nederlandse konstruksie is dat Afrikaans wat geen *het*-lidwoord het nie, gevolglik die bepaalde lidwoord *die* gebruik. Die lidwoord word gevolg deur die ongemerkte, genominaliseerde infinitiewe werkwoord, soos in (30):

(30) *Afr:* a. *Ek is **aan die** lees.*

(31) *Ndl:* b. *Ik ben **aan het** lezen.*

Die Afrikaanse variasiekonstruksie van die *aan die*-progressief, naamlik die *aan* *’t*-progressief, stem vormlik meer ooreen met die Nederlandse konstruksie. Die afkappingsteken in *’t* dui die afwesigheid van uitgespreekte [hə] aan. Slegs die [t] van die Nederlandse *het* ([hət]) word behou en die oorspronklike 17de-eeuse Nederlandse *aan het*-konstruksie is in Afrikaans foneties gereduseer of saamgesmelt tot *aan* *’t*. Hierdie redusering van *aan het* tot *aan* *’t* word in Nederlands ook gevind.

In Afrikaans word hierdie twee konstruksies, dit is die *aan die*- en die *aan* *’t*-progressiewe, beide gebruik. Soos in Breed en Brisard (voorgelê) aangetoon word, is beide konstruksies nie ewe frekwent nie en word die konstruksies nie op presies dieselfde wyse gebruik nie.

Die totstandkoming en ontwikkeling van *aan die* tot progressiewe konstruksie, ondersteun dus Bybee et al. (1994) se hipotese dat die leksikale oorsprong van progressiewe konstruksies lokatief van aard is.

3.3 Die grammatikalisering van die *besig*-progressief

Besig se leksikale betekenis impliseer dat 'n subjek betrokke is by 'n proses of situasie. *Besig* dien as 'n adjektief by die kopula *is* of *wees* om 'n bepaalde kwaliteit van die subjek aan te toon, byvoorbeeld sinne (32) en (33):

(32) *Hy is besig met takies in en om die huis.*

(33) *Die dorp is baie besig.*

Anders as *aan die*, kan geen lokatiewe interpretasie aan *besig* gekoppel word wat sal verklaar waarom dit tot progressief sou kon ontwikkel nie. Onses insiens kan die ontwikkeling van die leksikale konstruksie *besig* tot 'n grammatikale konstruksie wat progressiewe aspek uitdruk, eerder verklaar word aan die hand van die beginsel van leksikale gemotiveerdheid – *besig* se leksikale gebruik as adjektief hou betekenis in wat op sigself 'n mate van progressiewe betekenis uitdruk.

In beide Afrikaans en Nederlands kan 'n perifrastiese konstruksie met *besig/ bezig* gebruik word om progressiewe betekenis uit te druk (Geleyn 2010:1). Sin (34) is 'n voorbeeld van die Afrikaanse konstruksie, terwyl sinne (35) tot (37) voorbeelde is van die Nederlandse konstruksie.

(34) *Ek is besig om die kos te maak.*

(35) *Ben jij bezig de krant te lezen?*^{xii}

(36) *Ik ben bezig om mijn stukjes verder uit te werken.*^{xiii}

(37) *We waren net bezig met eten.*^{xiv}

Uit die voorbeelde is dit duidelik dat die Nederlandse konstruksie vormlike variasie toon, terwyl dieselfde vormlike moontlikhede nie ewe algemeen in Afrikaans bestaan nie. Die Afrikaanse progressiewe perifrasede vorm hoofsaaklik deur *besig+om+te+V*,⁹ terwyl die Nederlandse konstruksie op drie wyses kan vorm, te wete *bezig+te+V* soos in (35), *bezig+om+N_{OBJ}+te+V* soos in (36) en *bezig+met+V* soos in (37) (vergelyk Geleyn 2010:1, Geleyn & Coleman 2014:57; sowel as Breed 2012:106-112).

Behalwe vir onlangse werk gedoen deur Geleyn (2010) en Geleyn en Coleman (2014), het die Nederlandse *bezig*-progressief nog nie veel aandag in die literatuur oor die Nederlandse progressief gekry nie, aangesien dit skynbaar nie dikwels voorkom nie. Mortier (2008:9) bevraagteken selfs die perifrastiese aard van die Nederlandse *bezig*-progressief. Die rede hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat dié konstruksie sintakties nog 'n onvaste struktuur het.

The construction *bezig zijn met* is compatible with the infinitive as well as with nouns (for example *ik ben bezig met de was*). It is, however, doubtful that this construction, as well as its variants with *met* + infinitive and *te* + infinitive, is really periphrastic by nature. We therefore chose not to treat them under the heading of verbal periphrases. (Mortier 2008:9)

⁹ Geleyn & Coleman (2014:66) vind in hul Afrikaanse korpus enkele voorbeelde van 'n progressief wat vorm met *besig+met+V* en dui aan dat hierdie konstruksie 'n "marginale konstruksie" is. In die TK-korpus word ses voorbeelde van hierdie konstruksie gevind, naamlik saam met die werkwoorde [*kos*] *aandra*, [*kos*] *kook*, *skilder*, *skryf* en *teken*. Hoewel die resultate te min is om 'n duidelike gevolgtrekking te maak rakende 'n moontlike gespesialiseerde gebruik van die konstruksie, is dit tog opmerklik dat vier van die vyf werkwoorde kreatiewe handeling uitdruk.

Vanweë die frekwensie van die konstruksie (vergelyk Breed & Van Huyssteen voorgelê), sowel as die vaste sinstruktuur, bestaan daar egter geen twyfel oor die perifrastiese aard van die Afrikaanse *besig*-progressief nie. Die items waaruit die Afrikaanse *besig*-konstruksie bestaan, kan geanaliseer word as $V_{KOP} + besig + om + te + V_{INF}$.

Die totstandkoming van die *besig*-progressief kan onses insiens toegeskryf word aan twee gelyktydige taalveranderingsprosesse wat 'n invloed gehad het op die ontwikkeling van die perifrastiese konstruksie, te wete die grammatikalisering van *om te*, asook die grammatikalisering van *besig*.

Eerstens word die konstruksie *om te* in Afrikaans gebruik as deel van 'n doelwitkonstruksie om aan te dui wat die doelwit of motivering is waarom 'n bepaalde aksie uitgevoer word, byvoorbeeld (38). Terselfdertyd word *om te* in Afrikaans gebruik om die infinitiewe werkwoord in sommige sinne te merk. In (39) is *bly* die infinitiewe werkwoord wat ingelei word deur *om te* en *gesmeek* tree op as die hoofwerkwoord van die sin (Ponelis 1979:208). 'n Moontlike afleiding wat gemaak kan word, is dat die doelwitkonstruksie *om te*, net soos die Engelse doelwitkonstruksie *to* (vergelyk Hopper & Traugott 2003:2-3), verder gegrammatikaliseer het tot infinitiefmerker:

(38) *Ek kom om jou te help.*

(39) *Ek het hulle gesmeek om te bly.*^{xv}

Die tweede ontwikkeling wat relevant is vir die totstandkoming van die *besig*-progressiewe perifrastiese konstruksie, te wete die grammatikalisering van *besig*, is egter moeiliker om aan te toon. Dit behoort vanuit 'n diakroniese perspektief benader en gestaaf te word en aan die hand van 'n diakroniese korpus getoets te word. Hierdie studie word egter vanuit 'n sinkroniese perspektief aangepak en slegs 'n sinkroniese korpus is in hierdie studie gebruik. Daar is tans nog geen voldoende Afrikaanse diakroniese korpus beskikbaar wat gebruik kan word om die historiese ontwikkeling van die konstruksie aan te toon nie. Die ontwikkeling van *besig* tot progressiewe merker, word daarom slegs as 'n hipotese aangebied. Hoewel ons beseft dat die verandering graadueel plaasgevind, gaan ons tog poog om dit aan die hand van vier onderskeibare fases te illustreer.

Die adjektief *besig* word in sy leksikale betekenis gebruik om aan te dui dat 'n subjek "druk, bedrywig", "werkzaam, aan die werk" is (Pharos 2009), soos in voorbeeldsinne (40) en (41):

(40) *Los my uit, ek is besig!*

(41) *Ek is besig met die kos, dit is amper klaar.*

In die leksikale gebruik is die *besig*-konstruksie kombineerbaar met 'n voorsetselstuk (byvoorbeeld *met die kos*). Die *is* word geanaliseer as die koppelwerkwoord en die *besig* as die adjektiefstuk. Dié konstruksie is hoofsaaklik beperk tot naamwoordelike konstruksies en nie oor die algemeen kombineerbaar met werkwoorde nie (byvoorbeeld (42)), aangesien *besig* se leksikale gebruik vereis dat die subjek *besig* moet wees "*met iets*".

(42) *Ek is besig met eet.*¹⁰

¹⁰ Soos aangetoon in Voetnota 9, is daar wel enkele voorbeelde van die *besig+met+V-konstruksie* in die TK-korpus te vinde, maar dit is nie 'n algemene konstruksie nie. Wanneer die handeling *eet* in die progressief aangebied word, sal die verstekkonstruksie – afgelei uit die frekwensie en werkwoord-kollokasies van beide konstruksies – eerder die *besig om te*-konstruksie wees as die *besig met*-konstruksie. Verdere navorsing sou ook uitgevoer kon word om te bepaal wat die betekenis-effek van die nominalisering van die werkwoord *eet* in die geval van *besig met eet* is en of dit eerder semanties ooreenstem met die konstruksies *besig+met+die+V+van+N* (24 resultate in die TK-korpus,

In die volgende fase van ontwikkeling tot progressiewe konstruksie veralgemeen *is besig* om te kombineer met die doelwitkonstruksie *om te*. Die konstruksie kry die letterlike betekenis “is besig met die doel om te V_{INF} ”. Op hierdie stadium is die konstruksie dus kombineerbaar met V_{INF} wat uitdruk dat die subjek ten doel het om **die** aksie wat deur die werkwoord uitgedruk word, uit te voer (byvoorbeeld (43)). Tydens hierdie fase het die eenheidstatus van *is besig* wel reeds begin vorm en die proses van ouksiliëring het al begin.

(43) *Ek is besig om te help.*

Let.: “*Ek is besig met die doel om te help.*”

Die derde fase van die ontwikkeling tot progressiewe perifrasede, is naamlik dat die *om te* in die *is besig om te*-konstruksie veralgemeen vanaf doelwitkonstruksie tot infinitiefmerker. Die werkwoorde wat in die konstruksie gebruik kan word, is nie meer slegs werkwoorde wat die doelwit van die subjek uitdruk nie, maar het veralgemeen tot enige werkwoord wat progressief van aard kan wees, soos in voorbeeld (44):

(44) *Die vuur is besig om te brand.*


Let.: **Die vuur is besig met die doel om te brand.*

Die semantiese beperking van die Nederlandse *bezig om te*-progressiewe konstruksie word hier vanuit ’n sinkroniese perspektief aangebied om die geldigheid van die gestelde hipotese te toets. Die *bezig om te*-progressief, byvoorbeeld (36), is, in teenstelling met *bezig te* (byvoorbeeld (34)) en *bezig met* (byvoorbeeld (37)), semanties skynbaar beperk tot teliese situasies. In Nederlands kan die perifrastiese konstruksie *bezig om te V_{INF}* oënskynlik slegs gebruik word in situasies waar ’n resultaat verwag word, terwyl die ander twee variasies van die *bezig*-progressief ook met aktiwiteitswerkwoorde kan kombineer. Die *bezig om te*-konstruksie is dus meer semanties beperk as die Afrikaanse *besig om te*-konstruksie, aangesien laasgenoemde konstruksie met beide teliese en ateliese situasietipes kan kombineer. Dit is dus waarskynlik moontlik dat daar ’n fase in die ontwikkeling van die Afrikaanse *besig*-progressiewe konstruksie was, waar *besig om te* semanties beperk was tot situasies waar ’n resultaat verwag word (dus teliese situasies).

In die vierde en laaste van die ontwikkeling tree die nuutgevormde perifrasede *is+ besig+om+te* as ’n volledig-geöksiliëerde konstruksie op. Hierdie frase kan as ’t ware as ’n hulpwerkwoordstuk gesien word met die funksie om aspektuele betekenis uit te druk. Hierdie fase is ’n direkte gevolg van die semantiese verbleking wat in die derde fase van ontwikkeling plaasgevind het.

Die voorgestelde ontwikkeling van die *besig*-konstruksie tot perifrastiese progressiewe konstruksie kan gevolglik geanaliseer word soos in Figuur 2:

byvoorbeeld *Ons is besig met die bymekaarsit van die tydskrif*) en *besig+met+die+V-ing+van+N* (55 resultate in die TK-korpus, byvoorbeeld. *Ek hou my besig met die opeenstapeling van klein dingetjies*), as met die *besig om te*-progressief (vergelyk ook Geleyn 2010:12-13 oor die nominalisering van werkwoord in die *bezig/ bezig*-konstruksie).



Figuur 2: Reanalise tydens die ontwikkeling van die besig-progressief

4. SAMEVATTING

Die doel van hierdie artikel was om ondersoek in te stel na die wyse waarop die *aan die*- en die *besig*-perifrastiese konstruksies tot stand gekom het. Daar is vanuit 'n grammatikaliseringperspektief aangedui dat die *aan die*-progressief, net soos die Nederlandse ewekniekonstruksie, te wete die *aan het*-progressief, vanuit 'n lokatiewe leksikale konstruksie, naamlik 'n konstruksie wat met die *aan*-voorsetsel vorm, ontwikkel het. Dit ondersteun Bybee et al. (1994) se hipotese dat progressiewe konstruksies hoofsaaklik vanuit lokatiewe konstruksies ontwikkel. Daar is ook aangetoon dat die twee *besig/ bezig*-ewekniekonstruksies egter nie 'n lokatiewe oorsprong het nie. Die leksikale oorsprong van *besig* as progressiewe merker stem verder ook nie ooreen met enige van die alternatiewe leksikale oorspronge wat aangedui word deur Heine (1990) nie – dit is gelykstellende sinne of bewegingswerkwoorde. Die ontwikkeling van *besig* tot progressief blyk tipologies gesproke dus relatief uniek te wees. Die ontwikkeling kan onses insiens verklaar word aan die hand van die leksikale betekenis van *besig*, aangesien *besig* as ongegrammatikaliseerde adjektief op sigself 'n mate van progressiewe betekenis uitdruk.

In die artikel “*Aan die* en *besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek” (Breed & Van Huyssteen voorgelê) fokus ons op die hedendaagse wyses waarop die twee konstruksies gebruik word om progressiewe betekenis uit te druk. Die resultate van 'n korpusondersoek word aangebied, om sodoende aan te toon hoe die konstruksies verskil in terme van i) frekwensie; ii) die verhouding tussen leksikale en aspektuele gebruike van die konstruksie; iii) werkwoordkollokasies.

BIBLIOGRAFIE

- Anderson, J. 1973. *An essay concerning aspect: some considerations*. The Hague: Mouton de Gruyter.
- Booij, G. 2003. In Ackerman, Blevins & Stump (eds). *Paradigms and periphrases*. Chicago: University of Chicago Press, pp. 79-104.
- Booij, G. 2004. In De Schutter (ed). *Taeldeman man van de taal, schatbewaarder van de taal*. Gent: Academia Press, pp. 97-106.
- Booij, G. 2008. In Bergs & Diewald (eds). *Constructions and language change*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 81-106.
- Booij, G. 2010. *Construction morphology*. Oxford: Oxford University Press.
- Brandford, W. & Cloughton, J.W. 1995. In Mesthrie (ed). *Language and social history: studies in South African sociolinguistics*. Cape Town: David Philip, pp. 209-221.
- Breed, C.A. 2012. Die grammatikalisering van aspek in Afrikaans: 'n semantiese studie van die perifrastiese progressiewe konstruksies. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

- Breed, C.A. & Brisard, F. Voorgelê. Hoe sit, staan en lê progressiwiteit in Afrikaans loop en uitdruk. (ongepubliseerde artikel, voorgelê).
- Breed, C.A. & Van Huyssteen, G.B. Voorgelê. *Aan die en besig* in Afrikaanse progressiwiteitskonstruksies: 'n korpusondersoek. (ongepubliseerde artikel, voorgelê).
- Bybee, J.L. & W. Pagliuca, W. 1985. In Fisiak (ed). *Historical semantics, historical word formation*. The Hague: Mouton de Gruyter, pp. 59-83.
- Bybee, J.L., Perkins, R.D. & Pagliuca, W. 1994. *The evolution of grammar: tense, aspect and modality in the languages of the world*. Chicago: University of Chicago Press.
- Campbell, L. & Janda, R. 2001. Introduction: conceptions of grammaticalization and their problems. *Language sciences*, 23(2-3):93-112.
- Carstens, W.A.M. 1989. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Comrie, B. 1976. *Aspect: an introduction to the study of verbal aspect and related problems*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Croft, W. 1990. *Typology and universals*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Den Boon, T. & Geeraerts, D. 2005. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie. <http://www.vandale.be/opzoeken?pattern=aan&lang=nn> [28 Maart 2012].
- Garcia, H. 1990. In Andersen & Koerner (eds). *8th International Conference on Historical Linguistics, Lille, 30 August – 4 September 1987*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 141-161.
- Geleyn, T. 2010. De progressieve constructies *besig zijn* en *besig wees*: een contrastief corpusondersoek Nederlands-Afrikaans. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit Gent.
- Geleyn, T. & Coleman, T. 2014. De progressieve constructies *besig zijn* en *besig wees*: Een contrastief corpusonderzoek Nederlands-Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(1):56-74.
- Heine, B. & Reh, M. 1984. *Grammaticalization and reanalysis in African languages*. Hamburg: Helmut Buske Verlag.
- Heine, B. 1990. In Pagliuca (ed). *Perspectives on grammaticalization*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 255-287.
- Hopper, P.J. & Traugott, E.C. 2003. *Grammaticalization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Langacker, R.W. 1977. In Li (ed). *Mechanisms of syntactic change*. Austin: The university of Texas Press, pp. 57-139.
- Lehmann, C. 1995. *Thoughts on grammaticalization*. 2nd ed. Erfurd: Arbeitspapiere des Seminars für Sprachwissenschaft der Universität Erfurt.
- Lemmens, M. 2003. In Newman (ed). *The linguistics of sitting, standing and lying*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 103-139.
- Lemmens, M. 2005. Aspectual posture verb constructions in Dutch. *Journal of Germanic linguistics*, 17(3):183-217.
- Lord, C. 1976. In Steever, Walter & Mufwene (eds). *Papers from the parasession on diachronic syntax, April 22*. Chicago: Chicago Linguistic Society, pp. 179-191.
- Michaelis, L.A. 2004. Type shifting in construction grammar: an integrated approach to aspectual coercion. *Cognitive linguistics*, 15(1):1-67.
- Mittwoch, A., Huddleston, R. & Collins, P. 2002. The clause: adjuncts. In Huddleston & Pullum (eds). *The Cambridge grammar of the English language*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 663-785.
- Mortier, L. 2008. An analysis of progressive aspect in French and Dutch in terms of variation and specialization. *Languages in contrast*, 8(1):1-20.
- Pharos Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 2009. *Besig. Pharos aanlyn woordeboek*. www.pharosonline.co.za [31 Julie 2013 geraadpleeg].
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Raidt, E.H. 1972. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Rhee, S. 2008. Cognitive semantic representation of instrumentals: crosslinguistic and grammaticalization perspectives. *Studies in modern grammar*, 54:123-146.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. *Taalkommissiekorpus 1.1*. Noordwes-Universiteit: CText.
- Traugott, E.C. 1978. On the expression of spatio-temporal relations in language. Greenberg (ed). *Word structure*. Stanford: Stanford University Press, pp. 369-400.

- Van Pottelberghe, J. 2002. Nederlandse progressiefconstructies met werkwoorden van lichaam. *Nederlandse taalkunde*, 7:142-174.
- Van Veen, P.A.F. & Van der Sijs, N. 1997. *Van Dale etymologisch woordenboek*. Utrecht: Van Dale Lexicografie.
- Weinreich, U.1963. On the semantic structure of language. In Greenberg (ed). *Universals of language*. Cambridge: MIT Press, pp. 142-216.